**Abram se geloof word getoets (OP142)**

**Gen 12:9-13:4**

**20 Augustus 2023**

Laasweek het ons stilgestaan by die roeping van Abram. Ons het daaroor besin dat die Here vier beloftes aan Abram gemaak het: Die Here het aan hom die land Kanaän beloof, die Here het beloof om Abram 'n groot nasie te maak, om sy naam groot te maak, asook om hom te seën, en deur hom sal al die nasies van die aarde ook geseënd wees. Ons het geleer dat Abram gehoorsaam was en dat hy getrek het soos die Here hom beveel het. Hy het die beloftes van die Here onvoorwaardelik geglo, en het natuurlik daarmee saam ook in die Here geglo wat die beloftes aan hom gemaak het. Ons het gesien dat daar verskeie aspekte rakende roeping, geloof en bekering is wat ons uit die roeping van Abram kan leer: (1) Die roeping van die Here gaan geloof vooraf. (2) Die keuse van wie deur die Here geroep word, berus totaal en al by die Here. (3) Die roeping van die Here is effektief, en die een wat geroep word, sal daarop reageer. (4) Die roeping van die Here lei tot geloof in die Here en Sy beloftes. (5) Die roeping van die Here wat lei tot geloof in die Here, lei ook na bekering. (6) Die vervulling van die beloftes van die Here vind hoogstens gedeeltelik plaas gedurende die lewe van die gelowige op aarde. (7) Om deur die Here geroep te wees, is 'n groot seën.

Vandag wil ek stilstaan by die gebeure in Gen 12 waar ons lees dat Abram Egipte toe gegaan het, a.g.v. 'n hongersnood wat in die beloofde land ontstaan het. Ek wil dit oordink onder die volgende drie hoofde: (1) Die betekenis van hierdie gebeure vir Abram, (2) Die betekenis van die gebeure vir die volk Israel, en (3) Die betekenis van die gebeure vir ons.

<u>Die betekenis van die gebeure vir Abram (Gen 12:9-13:4)</u>

In Gen 12:4-9 het ons gesien dat Abram na die beloofde land getrek het. Hy het die land van die noorde binnegekom en al verder suid getrek deur die land tot hy in vers 9 in die Negev geëindig het. Hierna lees ons dan in verse 10-20 van die gebeure rondom die hongersnood en die trek na Egipte. In Gen 13:1 lees ons dan dat Abram uit Egipte getrek het na die Negev toe. Hy eindig dus waar hy begin het. Verder het ons in Gen 12:5 gelees dat Abram, Sarai en Lot tesame met al hulle besittings na die beloofde land getrek het. Netso lees ons in Gen 13:1 (tesame met Gen 12:20) dat dit weer Abram, Sarai en Lot was, tesame met al hulle besittings. Ons wil amper vra: As hulle maar net weer eindig waar hulle begin het – is wat tussenin in Egipte gebeur het, werklik belangrik? Hoekom moet ons kennis neem van wat daar gebeur het?

Kom ons kyk na wat in Egipte gebeur het. Gen 12:10 verduidelik vir ons hoekom Abram Egipte toe getrek het – daar was 'n hongersnood in die beloofde land. Boonop lees ons dat hierdie hongersnood swaar was. Die rede hoekom Egipte aanloklik was as 'n plek om heen te trek te midde van 'n hongersnood, is natuurlik dat die Nylrivier deur Egipte vloei, en dat die Nylrivier 'n betroubare bron van water was wat gebruik kon word om voedsel te produseer in die tyd van hongersnood. Ons lees dat Abram as 'n vreemdeling in Egipte wou gaan woon – dit lyk dus asof hy hom nie permanent daar wou vestig en as't ware 'n Egiptenaar word nie, maar eerder asof hy net soontoe wou gaan tydens die periode van hongersnood.

Maar hierdie trek het allerlei implikasies gehad. Een implikasie was dit waarvan ons 'n wyle gelede in Gen 6:1-4 gelees het: Ons het destyds hierna gekyk en gesê dat die hemelwesens waarvan hier sprake is, heelwaarskynlik konings was. Hierdie konings het na willekeur vir hulle vrouens geneem en kinders by hulle verwek. En dit is waaroor Abram nou bekommerd is as hulle Egipte toe trek. Lees Gen 12:11-13. Abram was bekommerd, want Sarai was 'n mooi vrou – selfs op 65 jarige ouderdom

was haar skoonheid treffend. Abram was bekommerd die Egiptenare gaan ook sien sy is mooi, en dan gaan hulle hom doodmaak om sodoende vir Sarai te kan neem as vrou. Abram se oplossing vir die potensiële probleem is dat wanneer hulle in Egipte kom, moet Sarai sê dat sy nie Abram se vrou is nie, maar wel sy suster – met die hoop dat Abram se lewe dus gespaar sal word. Ons weet uit Gen 20:12 dat Sarai inderdaad Abram se halfsuster was – Tera was beide Abram en Sarai se pa, maar hulle het verskillende ma's gehad. Maar natuurlik was wat Abram hier bewimpel het hoogstens 'n halwe waarheid – hy het juis doelbewus verswyg dat sy ook sy vrou was. Om doelbewus krities belangrike inligting te weerhou, terwyl jy ander kritiese inligting wel kommunikeer, om sodoende die uitkoms van 'n saak te manipuleer, is die ekwivalent van vals getuienis lewer – dit is hoekom getuies in die hof onder andere 'n eed moet sweer om die volle waarheid te vertel.

Onthou nou wat die Here vir Abram in vers 7 gesê het toe hy by Sigem was: "Aan jou nageslag gee Ek hierdie land". Dit was twee van die beloftes van die Here aan Abram: 'n nageslag en die land. Abram se optrede nou plaas egter 'n hindernis in die vervulling van beide hierdie beloftes: Alhoewel hy sopas in die land aangekom het en oënskynlik nog net van noord na suid deur die land getrek het en 'n paar altare daar gebou het, trek hy nou verder uit die land uit tot in Egipte – hy plaas dus die besit van die land op die spel. Verder is hy bereid om selfs sy vrou prys te gee, indien die Egiptenare haar as vrou wil neem – hy is ook bereid om die belofte van 'n nageslag op die spel te plaas. Dit is dieselfde Abram wat ons laasweek verstom laat staan het toe hy onvoorwaardelik gehoorsaam was aan die opdragte van die Here – omdat hy geglo het die Here is instaat om te doen wat Hy beloof het. Al wat intussen verander het, was die hongersnood wat Abram se lewe bedreig het, en die moontlikheid dat sy lewe in Egipte in gevaar kon wees, a.g.v. Sarai se skoonheid. Die gevolg is: Sy geloof in die vermoë van die Here, wankel.

In Gen 12:14-16 lees ons wat in Egipte gebeur het. Die Egiptenare het inderdaad Sarai se skoonheid raakgesien, en haar selfs by die farao aanbeveel, en volgens vers 19 blyk dit dat die farao haar inderdaad as sy vrou geneem het. Abram se bekommernis was dus geregverdig. Wat meer is, die farao het Abram vergoed vir Sarai: hy het aan Abram kleinvee, beeste, donkies, slawe, slavinne, donkiemerries en kamele gegee. Heelwaarskynlik was hierdie 'n bruidskat wat die farao aan Abram betaal het as Sarai se broer, in die afwesigheid van haar pa wat dit tipies sou ontvang het. Ons kan ons net indink dat Abram heel beïndruk moes wees met die wysheid van sy plan en hoe gunstig alles nou afgeloop het: Duidelik was sy vrees nie ongegrond dat die Egiptenare Sarai se skoonheid sou raak sien nie, sy plan het die uitkoms gehad dat hy nie net nie doodgemaak is nie, hy is selfs beloon deur die farao in terme van die bruidskat.

Maar dan gryp die Here in. Lees Gen 12:17-19. Die Here het die huis van die farao getref met swaar plae – juis oor Sarai, die vrou van Abram. Ons weet nie presies wat die aard van die plae was nie, moontlik was dit 'n siekte – maar dit was erg, die Here het die farao se huis swaar getref. Die gevolg was dat die farao vir Abram ontbied het en hom gekonfronteer het oor die feit dat hy die indruk geskep het dat Sarai sy suster was, en nie sy vrou nie. Ons weet nie presies hoe die farao die konneksie gemaak het tussen die plae wat sy huis getref het en dat dit die gevolg was omdat hy Sarai as vrou geneem het nie. Maar sy afleiding was korrek. Let op hoe word die farao die instrument in die hand van die Here: dit is die farao wat Abram konfronteer oor sy bedrog. Dit is ook nie Abram wat vir die farao verduidelik dat Sarai wel sy vrou was nie – dit lyk eerder of dit Sarai was wat voordat die farao vir Abram gekonfronteer het, verduidelik het wat die werklike toedrag van sake is. Ons lees nie van 'n enkele woord wat Abram gesê het nie – hy probeer nie eens om homself te verdedig nie – hy moes verstaan het dat hy skuldig was en ongehoorsaam was teenoor die Here.

Daarna gee die farao Sarai terug aan Abram, en beveel hom om uit die land te gaan – hulle word selfs uit die land begelei. Abram, Sarai en Lot trek uit Egipte uit – en dan is hulle terug by Negev. Gen

13:2 vertel dat Abram ‘n vermoënde man was met vee, silwer en goud, waarskynlik ten minste gedeeltelik toe te skryf aan die geskenk wat die farao hom gegee het. ‘n Potensiële bedreiging van twee van die beloftes van die Here aan Abram is suksesvol afgeweer.

Kom ons besin oor wat die betekenis van hierdie gebeure was vir Abram. Soos wat dit die Here was wat die beloftes aan Abram gemaak het, so was dit ook die Here wat die hongersnood gestuur het. Soos wat die Here ‘n doel gehad het met Sy beloftes, so het die Here ook ‘n doel gehad met die hongersnood. Kom ons wees eerlik: die hongersnood was vir Abram ‘n reële probleem. Hy het ‘n verantwoordelikheid gehad om te sorg vir Sarai en die ander wat by hom was. Hy moes ‘n besluit neem oor hoe hy hierdie situasie sou hanteer. Ons het gesien hoe hy dit hanteer het: Hy het die hongersnood kwessie aangespreek deur na Egipte toe te gaan, en hy het die nuwe probleem wat dit geskep het deurdat sy lewe in Egipte nie seker was nie, aangespreek deur die halwe waarheid oor Sarai as sy suster. Die hartseer realiteit is dat Abram nie hierdie reële vraagstuk aangespreek het deur die wil van die Here te soek nie. I.p.v. om van die Here te vra wat hy moes doen, het hy sy eie planne gemaak en dit uitgevoer sonder om te vra of wat hy beplan die Here se wil was. Hy het nie vertrou dat die Here aan hom kos in die beloofde land kon gee nie. Hy het nie vertrou dat die Here hom en Sarai in Egipte sal bewaar nie. Laasweek was ons verstom oor Abram wat wel die beloftes van die Here geglo het en wat geglo het die Here kan dit in vervulling laat gaan. Vandag sien ons dat Abram nie dieselfde geloof openbaar nie. In vergelyking met daardie verreikende beloftes waaroor ons laasweek besin het, is hierdie krisis wat weens die hongersnood ontstaan het, tog sekerlik klein en iets wat die Here sou kon hanteer – maar tog wankel Abram se geloof, en hy verloor sy fokus op die beloftes van die Here.

Die verstommende is om te sien hoe genadig die Here teenoor Abram was ten spyte van sy wankelende geloof: Die Here konfronteer die farao, die reaksie van die farao is nie om Abram om die lewe te bring nie, maar eerder om Abram weg te stuur – terug na die beloofde land toe, saam met Sarai. Die Here het selfs aan Abram besittings gegee deur die farao. Kort voor lank is Abram terug in die Negev, saam met Sarai en Lot – en selfs meer fisiese besittings. En boonop, is die oorspronklike beloftes van die Here steeds in plek. Wat was dan die doel met al hierdie gebeure? Abram moes leer dat sy geloof in die Here nie so sterk was as wat dit behoort te gewees het nie. Abram moes leer dat hy steeds geneig was om die Here te wantrou, en om eerder op sy eie insig staat te maak. Die doel met die gebeure was dat Abram moes groei in die geloof. Hy moes leer dat ‘n hongersnood nie die beloftes van die Here bedreig nie. As die Here ‘n hongersnood bring wat lyk of dit die beloftes van die Here bedreig, kan hy steeds vashou aan die Here – en oortuig wees die Here sal die uitkoms bewerk.

<u>Die betekenis van die gebeure vir die volk Israel</u>

Die ooreenkoms tussen wat hier met Abram gebeur het, met wat later met die volk Israel gebeur het, is verstommend:

- In Gen 12:10 lees ons dat daar hongersnood in die land was, dat dit erg was en dat Abram as vreemdeling in Egipte wou woon. Ons lees later in Gen 47:4 nadat Jakob en Josef se broers in Egipte aangekom het, dat hulle vir die farao sê: “Ons het gekom om net as vreemdelinge in die land te woon, want daar is nie weiding vir die kleinvee wat aan u dienaars behoort nie; ja, die hongersnood is erg in die land Kanaän.”
- In Gen 12:14-16 lees ons hoedat die Egiptenare vir Abram en Sarai uitgebuit het, en haar as vrou vir die farao gegee het. In Eks 1:11-14 lees ons hoedat die Egiptenaars ook die Israeliete uitgebuit het deur hulle te dwing om dwangarbeid uit te voer. Hulle het die Israeliete met geweld gedwing om te werk, en hulle lewens bitter gemaak.

- In Gen 12:17 het ons gelees dat die Here die huis van die Farao met swaar plae getref het. Netso lees ons in Eks 7:14-12:29 dat die Here tien plae na die Egiptenaars gestuur het.
- Ons lees in Gen 12:16 dat die farao goed gedoen het aan Abram deurdat hy aan hom al daardie vee en slawe en slavinne gegee het, en in Gen 12:20 lees ons dat die farao Abram-hulle uit Egipte weggestuur het. Netso lees ons in Eks 12:33-36 dat die Egiptenare by die volk aangedring het om tog Egipte te verlaat, en boonop dat hulle aan die volk se eise voldoen deur aan hulle silwer en goue voorwerpe asook klere gegee het toe hulle getrek het.
- In Gen 13:1-3 het ons gesien Abram het uit Egipte getrek, eers na die Negev woestyn, en daarna verder tot by die plek tussen Bet-El en Ai waar hy vroeër 'n altaar vir die Here gebou het. Netso het die volk ook deur die woestyn getrek na die beloofde land (Eks 17:1, 15:17).

Hoekom is daar so 'n noue ooreenstemming tussen wat Abram beleef het, en wat die Israeliete later beleef het? Ek is oortuig die gebeure met Abram, moes vir die Israeliete as bemoediging gedien het toe hulle jare later dieselfde omstandighede as Abram beleef het. Dit is tog die punt met die openbaringsgeskiedenis – die Here wil daardeur die mensdom leer hoe Hy werk. Hulle moes die ooreenkoms tussen hulle situasie en Abram se situasie raakgesien het, en dit moes hulle bemoedig het om te vertrou dat die Here hulle sal verlos uit Egipte, en dat Hy hulle in die beloofde land sa bring – soos wat Hy destyds met Abram gedoen het. Hulle moes soos Abram leer, om die Here werklik te vertrou.

Kan ek ook nog die volgende opmerking maak oor Egipte. Ons het tipies 'n negatiewe persepsie van die Egiptenare. Immers het hulle farao Sarai as vrou gevat, en later het hulle die volk Israel dwangarbeid laat verrig. Boonop het die Here die farao en Egipte met plae getref. Beteken dit die Egiptenare is vir altyd gedoem? Onthou verder Gen 10:6 het ons geleer dat Egipte afgestam het van Gam. Gam was die seun wat nie deur Noag geseën is nie. Maar ons moet direk bysê Gam was ook nie direk deur Noag vervloek nie – Noag se vloek was beperk tot een van Gam se seuns, Kanaän. Maar nog steeds: moet ons aan die Egiptenare dink as 'n nasie wat deur die Here verwerp is? Aan die ander kant: die Egiptenare het ook goeie dinge gedoen: hulle het gehelp om Abram ryk te maak, hulle het aan Jakob en sy gesin 'n heenkome gegee tydens die latere hongersnood, hulle het aan Moses 'n goeie opvoeding gegee. Hoe moet ons oor die Egiptenare dink? Is hulle deur die Here verwerp en kan hulle alleen maar die oordeel van die Here verwag? Let op wat lees ons in Deut 23:7b-8: "Jy mag nie 'n afkeer hê van 'n Egiptenaar nie, want jy was 'n vreemdeling in sy land. Die derde geslag wat van hulle afstam, mag in die geloofsgemeenskap van die Here kom." Dit herinner aan die tweede gebod waar die Here sê dat Hy selfs die derde en vierde geslag van afgodsdienaars laat boet – en die Egiptenaars was afgodsdienaars (Eks 20:5). Maar tog mag die derde geslag van die Egiptenare wel in die gemeenskap van die volk kom.

Lees nou saam met my Jes 19. Kom ons lees eers Jes 19:1-4. Duidelik is hier 'n dringende uitspraak van die Here oor Egipte, en dat hulle die oordeel van die Here kan verwag. Lees nou Jes 19:19-25. Ons lees in vers 22 die Here sal Egipte tref met 'n plaag, maar hulle ook genees deur die plaag – en hulle sal hulle tot die Here bekeer. Hulle sal die Here dien – selfs saam met die Assiriërs en saam met die Israeliete (verse 23-25). Ek glo dit is duidelik daar sal 'n dag kom dat selfs die Egiptenare (of ten minste van die Egiptenare) saam met die Assiriërs hulle tot die Here sal bekeer. Daar sal selfs van die nageslag van Gam wees as die Here die nageslag van Abraham bymekaar maak uit alle volke, tale, stamme en nasies. Daar is selfs plek vir die nageslag van Gam in die tente van Sem.

<u>Die betekenis van die gebeure vir ons</u>

Ek wil graag twee implikasies van hierdie gebeure met Abram vir ons uitlig:

- Ons geloof moet en sal ook getoets word. Ons moet onthou wat die doel van die Here is met Sy skepping: die aarde moet gevul word met die heerlikheid van die Here. Dit beteken onder andere dat die aarde gevul moet wees met mense. Maar hierdie mense sal die Here moet dien en Hom verheerlik. Tot dusver het ons gesien dit is nie wat die mense doen nie – Gen 6:5 het gesê die mens bedink altyd net wat sleg is. Dit was juis die rede hoekom die Here vir Abram geroep het – omdat die Here met hom 'n pad wil loop sodat hy wel die Here sal verheerlik. Dit is hoekom die Here sulke groot beloftes aan hom gemaak het: Die Here sal hom 'n nasie maak in die land wat die Here aan hom sal gee en hy sal geseënd wees – maar Abram moet glo dat die Here hom daar sal bring. Alhoewel Abram goed begin het, en Kanaän toe getrek het, het die hongersnood sy fokus van die beloftes van die Here afgeneem. Abram moes leer hy het geloof – maar sy geloof is nog jonk en swak. Die hongersnood was 'n oefening in sy geloof, om te leer om vaster aan die Here te gryp in 'n krisis. As hy werklik onwrikbaar vas glo in die Here en Sy beloftes – dan kan Hy die Here verheerlik soos wat die Here se einddoel is.

  Dieselfde beginsel vind ons in die Nuwe Testament. Kom ons dink aan Petrus – 'n dissipel van die Here. Lees Luk 22:31-34. Ons ken Petrus as die een wat tipies vol bravade optree – soos in vers 33: "Here, ek is bereid om saam met U die tronk en die dood binne te gaan". En tog, later daardie nag, voor die haan drie keer gekraai het, het hy Jesus drie maal verloën. Maar let op waarvoor Jesus vir Petrus bid: "Maar Ek het vir jou gebid, sodat jou geloof nie sal wankel nie" (v32). Ja, Petrus het geglo – maar hy was ook die teiken van die duiwel, wat sy geloof wou ondermyn. Maar dit is Jesus wat vir Petrus bid – sodat sy geloof nie sal wankel nie. Petrus moes later daardie nag leer hoe dat sy geloof steeds wankel, hoe nodig hy dit het dat Jesus vir hom moet bid. Sy geloof moes getoets word om dit vir hom te wys, soos Abram s'n. Maar genadiglik was Jesus ten nouste betrokke in die toets, soos wat die Here betrokke was by Abram in sy toets. Netso, moet ons geloof ook getoets en geoefen word – sodat dit al sterker kan staan. Maar ons kan ook oortuig wees dat die Here ten nouste betrokke is wanneer ons geloof getoets word.

  Ons het natuurlik die beste voorbeeld In Jesus wat staande gebly het toe Hy deur die duiwel versoek is. In Luk 4:1-4 lees ons dat Jesus vir 40 dae in die woestyn was, sonder dat Hy iets geëet het, en tog, toe die duiwel Hom versoek het om 'n klip in brood te verander, was Hy steeds oortuig dat mens nie van brood alleen lewe nie, maar wel van elke Woord van die Here. Dit is 'n ander respons as Abram wat tydens sy hongersnood Egipte toe gevlug en sy vrou prysgegee het, en nie vasgegryp het aan die woorde/beloftes van die Here nie.

  Onthou wat Heb 11:6 sê: "Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan, en dat Hy dié beloon wat Hom soek". Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag – maar die doel van die skepping is juis om God te behaag. Geloof is essensieel om God te behaag, en dus essensieel as God Sy doel met die skepping wil bereik. Wat is dit wat ons moet glo? Ons moet glo dat God bestaan en dat Hy die beloon wat Hom soek. Abram moes glo dat die Here bestaan en dat die Here hom sal beloon deur daardie beloftes aan hom in vervulling te laat gaan. Alhoewel Abram dit geglo het in Ur en Haran, wankel sy geloof nou by Negev tydens die hongersnood – en gevolglik is sy optrede nie behaaglik voor die Here nie. Die Here wys dit vir hom in die hongersnood, maar die Here versterk ook sy geloof tydens die hongersnood deurdat die Here hom bewaar het. Dieselfde is waar vir ons geloof – dit moet getoets word sodat ons kan leer waar ons nog wankel. Maar, as ons glo, al is dit wankelend, kan ons ook seker wees die Here is by ons wanneer Hy ons toets.

Onthou Rom 5:3-5: “Maar dis nie al nie: Ons beroem ons ook op ons verdrukking, omdat ons weet verdrukking bewerkstellig volharding, en volharding lei tot betroubaarheid, en betroubaarheid tot hoop. En die hoop beskaam nie”. Watter hoop moet ons in gedagte hê? Die hoop op die vervulling van God se beloftes. Paulus se punt is dat verdukking aanleiding gee daartoe dat ons steeds vaster sal gryp aan die hoop op die vervulling van God se beloftes.

- Ons het gesien Abram het na die hongersnood en na hulle verblyf in Egipte, weer by Negev gekom. Die verskil tussen sy teenwoordigheid by Negev na die hongersnood versus voor die hongersnood, is dat sy geloof nou geoefen en sterker was, en ook dat hy nou ryker was. Ons het reeds gesien ons kan ook verwag dat ons geloof getoets gaan word, en dat dit daardeur sterker sal word. Kan ons ook verwag om ryker te word tydens so ‘n toets soos Abram? Dit is ‘n redelike populêre siening deesdae: As jy glo, sal jy voorspoedig wees. As jy nie voorspoedig is nie, is dit omdat jy nie ‘n sterk genoeg geloof het nie. As jou geloof nou getoets word, en die resultaat is dat jou geloof sterker word, wel dan kan jy ook verwag om meer voorspoedig te wees, of om ryker te word, soos Abram. Is dit wat ons hieruit moet leer, en wat ons kan verwag?

  Ons moet egter onthou Abram is vir ons ‘n Ou Testamentiese voorbeeld van hoe die Here werk. Onthou wat ons laasweek gesien het: die Here het aan Abram ‘n land beloof, en in die Ou Testament was dit die fisiese land Kanaän. Maar ten diepste het dit vooruit gekyk na die komende nuwe aarde. Die Here het beloof om Abram ‘n nasie te maak. In die Ou Testament was dit die fisiese nasie Israel. Maar ten diepste het dit vooruit gekyk na al die ware gelowiges wat uit alle volke, stamme, tale en nasies op die nuwe aarde sal wees. Netso het die Here beloof om Abram te seën. In Abram se leeftyd in die Ou Testament was dit onder andere dat hy ryk was. Maar ten diepste kyk dit verder en dieper – na die heerlike seën om deel te kan wees van die gelowige skare op die nuwe aarde in die teenwoordigheid van die Here. Selfs Abram het met verloop van tyd geleer dat die beloftes baie verder strek as die vervulling wat hy tydens sy lewe op aarde beleef het. In Heb 11:10 lees ons hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die argitek en boumeester is. Abram het verstaan dit wat hy fisies ontvang het, was simbolies van baie groter sake wat vir die gelowiges wag. Dit sou dus onverantwoordelik wees om te redeneer: omdat Abram fisies geseënd was en ryk geword het, kan alle gelowiges ook verwag om soos wat hulle geloof groei ook al hoe meer fisies geseën te word en ryker te word. Wat ons wel kan verwag, is om geestelik deur die Here geseën te word soos wat ons geloof groei – soos wat Rom 5 sê: verdrukking lei tot volharding, wat tot betroubaarheid lei, wat tot hoop lei, wat nie sal beskaam nie.

  Lees Heb 11:35-40. Hier is verskeie voorbeelde van gelowiges wat getoets is met erge toetse: marteling, bespotting, gevangenskap, steniging, teregstelling, hulle het rondgeswerf in verlate plekke, oor berge, in grotte en gate. Maar in hierdie lewe het hulle nie die vervulling van die beloftes ontvang nie. Duidelik het hulle nie voorspoed en rykdom beleef nie. Hoekom nie? Aangesien God iets beters in gedagte het – wat alle gelowiges gelyktydig sal ontvang – die volle vervulling van al God se beloftes in die hiernamaals!

  Die punt is dit: Soos wat ons geloof getoets word, so groei ons geloof. Soos wat ons geloof groei, begin ons al meer verstaan hoe verreikend die beloftes van die Here is – so verreikend dat selfs Abram nog steeds nie die volle vervulling daarvan ontvang het nie. Soos wat ons dit al hoe meer begryp, so begeer ons al meer om ook daardie dag daar te wees om dit saam met Abram te mag ontvang. Soos wat ons steeds meer daarna verlang, gryp ons al vaster

aan die Here wat die enigste Een is wat ons daar kan bring, en die beloftes in vervulling laat gaan. En wanneer daardie dag kom en ons beleef die volle vervulling, dan sal ons die Here verheerlik vir die vervulling en ook dat ons deel daarvan mag wees. En dan sal die aarde gevul wees met die heerlikheid van God – soos God se doel van die begin af was. Hy sal die wat Hy geroep het, daar bring – selfs deur toetse heen, miskien moet ons eerder sê: juis deur toetse heen, sodat hulle geloof in Hom kan groei.